



**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE
GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 20 JULIE 2011 OM 11:00**

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (Voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

rdl M van Zyl
rdl W Wilskut
rdl A C Sedeman

Ander raadslede:

rdh A Johnson
rdh N J A Rust
rdl H McKrieling
rdl R F van der Westhuizen

Beampes:

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me R J Pretorius

1. OPENING

Die voorsitter heet almal hartlik welkom en rdl A C Sedeman open met gebed.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl C H H Hunsinger.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-
VERGADERING GEHOU 17 JUNIE 2011**

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 17 Junie 2011 goeagekeur word en deur die Burgemeester onderteken word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

6. NUWE SAKE

6.1/...

6.1 VERSLAG AANGAANDE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGS-KANAALBESTUURSBELEID: 2010/2011 FINANSIËLE JAAR (8/1/B/2)

Die verslag ten opsigte van die implementering van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid vir die 2010/2011 finansiële jaar is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat daar kennis geneem word van die 2010/2011 Jaarverslag van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid se implementering wat ingevolge artikel 6(2)(a) van die Regulasies binne 30 dae na die einde van die finansiële jaar voorgelê moet word.

6.2 HERAFBAKENING VAN MUNISIPALE GRENSE (15/1/1)

Die Munisipale Afbakeningsraad het, ingevolge sy grondwetlike mandaat, onlangs weer 'n aanvang geneem met die herafbakening van munisipale grense. Hierdie proses moet teen 2013 afgehandel wees en wat op sy beurt weer 'n voorloper is vir die herafbakening van wyksgrense vir doeleindes van die plaaslike verkiesings wat in 2016 sal plaasvind.

'n Afskrif van Omsendbrief 1/2011 wat die prosesse in hierdie verband uiteensit, is ter insae aan raadslede gesirkuleer.

BESLUIT

- (a) Dat die Munisipale Bestuurder volmag verleen word om die Afbakeningsraad se voorstelle betreffende die verandering van die munisipale grense in oorlegpleging met die twee gemelde munisipaliteite te finaliseer;
- (b) Dat ondersoek ingestel word, vir finalisering in ooreenstemming met die voorgeskrewe konsultasieproses, na die moontlike insluiting by Munisipaliteit Swartland van die gedeelte grond waarop die Voëlvlei/Swartland Watersuiweringswerke geleë is en wat tans deel uitmaak van Drakenstein Munisipaliteit.

6.3 LEWERING VAN BIBLIOTEEKDIENSTE: VERSKAFFING VAN MANDAAT (17/8/B)

Omsendbrief 34/2011 wat van SALGA ontvang is, en waarin rade versoek word om (teen 29 Julie 2011) insette te lewer oor die sg. "Position paper for community libraries for local government", is as aanhangsel tot die sakelys gesirkuleer.

Die standpunt wat SALGA inneem m.b.t. biblioteke as "unfunded mandate" volg nadat 'n taakspan aangewys is deur die munisipaliteite om kommentaar te lewer op die sg. *South African Community and Information Services Bill*, wat omvangryke implikasies inhou vir munisipaliteite, en wel ook in stryd is met die Grondwet uit hoofde waarvan biblioteke 'n provinsiale funksie is.

Die standaard wat die konsep wetgewing stel vir die lewering van biblioteekdienste is egter wel prysenswaardig, omrede dit ongelykhede betreffende die diens in die lang termyn kan uitkakel.

BESLUIT

Dat die item oorstaan ter afwagting van die tweede gesprek met Provinsie, waarna Salga in kennis gestel sal word van die besluit.

6.4 OPDATERING VAN BELEID TEN OPSIGTE VAN DIE VOORSIENING VAN BESKERMENDE OORCLERE EN VEILIGHEIDSUITRUSTINGS AAN WERKNEMERS (6/1/2/7)

'n Beleide Werkswinkel is op 4 Februarie 2011 en weer op 19 April 2011 gehou ten einde opdatering van die Beleid ten opsigte van die Voorsiening van Beskerende Oorklere en Veiligheidsuitrusting aan Werknemers te bespreek, met spesifieke verwysing na die tipe en hoeveelheid toerusting en klere wat uitgereik moet word binne die onderskeie departemente. Die bestaande uitreikingstabelle is deur elke departement hersien ten opsigte van die behoefte per posbenaming.

6.4/...

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte Opedateerde Beleid ten opsigte van die Voorsiening van Beskermende Oorklere en Veiligheidsuitrusting aan Werknemers goedkeur met ingang van 1 Julie 2011, sowel as die delegasie van bevoegdhede uit hoofde daarvan.

6.5 HUUROOREENKOMS: MALMESBURY POSDUIFKLUB (17/9/2/R)

Die Raad verhuur die gedeelte grond waarop 'n klubhuis opgerig is aan die Malmesbury Posduifklub voorlopig op 'n jaar tot jaar basis. Die huurbedrag beloop R10,00 per jaar plus BTW. Die huurooreenkoms verstryk op 31 Julie 2011.

BESLUIT

- (a) Dat 'n huurooreenkoms met die Malmesbury Posduifklub aangegaan word vir die huur van die klubhuisfasiliteit vir 3 jaar , met ingang vanaf 1 Augustus 2011;
- (b) Dat die huurgeld vasgestel word op R100,00 plus 14 % BTW per jaar;
- (c) Dat die huurvoorwaardes wat tans geld, van krag sal bly.

6.6 HUUROOREENKOMS: SA POSKANTOOR (12/2/4-8/5)

Die Raad verhuur 'n gedeelte (groot $\pm 250\text{m}^2$) van erf 7516, geleë te Jakarandastraat, Wesbank/lIinge Lethu, Malmesbury aan die SA Poskantoor. Die gedeelte grond is verbeter met 'n mobiele gebou waaruit 'n poskantoor diens gelewer word. Dit word noodsaaklik geag dat die poskantoor diens wat vanaf hierdie perseel gelewer word ten behoeve van die gemeenskappe van Wesbank en lIinge Lethu, voortgesit word.

BESLUIT

- (a) Dat 'n gedeelte (groot $\pm 250\text{m}^2$) van erf 7516, Malmesbury vir 'n verdere termyn van 3 jaar aan die SA Poskantoor verhuur word vir die lewering van 'n poskantoor diens aan die omliggende gemeenskap;
- (b) Dat die Raad se voorneme in die pers bekend gemaak word in terme van sy Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom;
- (c) Dat die huurgeld vasgestel word op R100,00 plus BTW per maand;
- (d) Dat die huurder verantwoordelik sal wees vir die betaling van die advertensiekoste;
- (e) Dat die bestaande huurvoorwaardes van krag sal wees.

6.7 VERHUUR VAN MUNISIPALE EIENDOM: ERF 1754, MALMESBURY(17/2/2/3)

Erf 1754, geleë tussen Jasmyn- en Heidestraat, Malmesbury word verhuur aan die *Elkana Childcare Group* vir die huisvesting van straatkinders en aanverwante aktiwiteite.

Die termyn van verhuring is onbepaald. Die Raad het op 24 November 2010 besluit dat erf 1754 aan Elkana verkoop mag word met befondsing van die Lotto. Na herooring van hul opsies, het Elkana die munisipaliteit in kennis gestel dat hulle nie meer die grond wil aankoop nie, maar wil voortgaan met die huur van die eiendom onderhewig aan die huidige huurvoorwaardes en vir 'n onbeperkte tydperk.

BESLUIT

- (a) Dat daar op 25 Augustus 2011 by die Raad aanbeveel word dat die raadsbesluit van 24 November 2010, nl. om erf 1754 aan *Elkana Childcare* te vervreem, herroep word;
- (b) Dat *Elkana Childcare* toegelaat word om voort te gaan om erf 1754, Malmesbury te huur, onderhewig aan die huidige huurvoorwaardes (wat 'n terugvalklousule betreffende die verbeterings op die eiendom insluit) en vir 'n onbepaalde termyn.

6.8 VERHURING: THE SWARTLAND DEVELOPMENET FOUNDATION (12/1/3/1-8/1)

Die Raad verhuur die gebou op erf 2721, h/v Roos- en Varingstraat, Wesbank, Malmesbury aan *The Swartland Development Foundation* (TSDF) vir 'n onbepaalde termyn vir doeleindes van die bedryf van 'n vaardigheidsontwikkelingsentrum.

Die gebou dien tans ook as administratiewe kantoor van die instansie en word die fasiliteit ook gebruik as 'n beradingsentrum waarvoor daar 'n groot behoefte in die gemeenskap bestaan.

TSDF is in die proses om 'n gemeenskapsradiostasie te stig en het reeds die nodige lisensie bekom. Aansoek word hiervolgens gedoen om die radiostasie vanuit die perseel te bedryf.

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat *The Swartland Development Foundation* toegelaat word om 'n gemeenskapsradiostasie vanuit die huurperseel op erf 2721, Malmesbury te bedryf;
- (b) Dat die huurder moet voldoen aan al die vereistes wat deur die uitsaai-lisensie voorgeskryf word.

6.9 UITSTAANDE DEBITEURE – JUNIE 2011 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer en bespreek.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand Junie 2011.

6.10 AFSKRYF VAN SLEGTE SKULD T.O.V DEERNISHUISHOUDINGS (5/7/1/1)

'n Skedule van skulde wat oninvorderbaar is ten opsigte van deernishuishoudings is met lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gewerkwinkel op 28 Junie 2011 en word die werklike bedrag voorgelê vir afskrywing.

BESLUIT

Dat kennis geneem word dat die werklike bedrag afgeskryf ten opsigte van slegte skulde van Deernishuishouding 'n bedrag van R105 289,62 beloop.

6.11 AFSKRYF VAN SLEGTE SKULD T.O.V GEWONE DEBITEURE (5/7/1/1)

'n Skedule van skulde wat oninvorderbaar is ten opsigte van gewone debiteure, is met lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gewerkwinkel op 28 Junie 2011 en word die werklike bedrag voorgelê vir afskrywing.

BESLUIT

Dat kennis geneem word dat die werklike bedrag afgeskryf ten opsigte van slegte skulde van gewone debiteure 'n bedrag van R1 531 827,81 beloop.

6.12 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

6.13 AANPASSING VAN ELEKTRISITEITSTARIEWE VIR 2011/2012 (16/2/1/2/1)

NERSA het gedurende November 2010 riglyne aangekondig vir die implementering van elektrisiteits-tariewe, van toepassing op munisipaliteite in die 2011/2012 finansiële jaar. Gebaseer op Eskom se verhoging van 26.71%, het NERSA 'n verhoging van 20.38% as riglyn gestel, sowel as die vereiste om stygende bloktariewe ten opsigte van residensiële verbruikers in te stel met ingang van 1 Julie 2011.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste behandel die verslag en aanhangsels tot die sakelys aangaande die samesprekings tussen NERSA en die munisipaliteit.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die finansiële risiko ten opsigte van die implementering van stygende bloktariewe as gevolg van die onvoorspelbaarheid van die omvang van die verandering van verbruikersprofiel.
- (b) Dat die volgende tariewe geïmplementeer word vir die 2011/2012 finansiële jaar, soos reeds goedgekeur deur die Raad op 5 Mei 2011:

Lae verbruik en deernishoudings (Tarief 5 en 7)

Stygende bloktariewe soos vereis en goedgekeur deur NERSA

Konvensionele nie-deernis residensiële verbruikers (Tarief 1)

Stygende bloktariewe soos aangepas en goedgekeur deur NERSA

Alle ander elektrisiteitstariewe (uitgesluit Tarief 12): Tariewe 2, 3, 4, 6, 8, 9, 10
2010/11 Tariewe en tariefstrukture plus 22% [Tarief 9: 6%] soos goedgekeur deur NERSA.

- (c) Gebaseer op die elektrisiteitstarief aanpassingsaansoek gerig aan NERSA en hul kommentaar daarop, word daar aanbeveel dat die tariefaanpassing vir 2011/2012 geïmplementeer word met betrekking tot:

Voorafbetaalde residensiële verbruikers (nie-deernis) (Tarief 12)

2010/11 tarief en tariefstruktuur plus 20.38% (Alternatiewe tariewe soos ingedien aan NERSA, en soos goedgekeur deur NERSA onder ("alle ander tariewe").

- (d) Dat die implementering van die voorafbetaalde Tarief 12 gebaseer op die 2010/2011 tarief plus 20.38% vanaf 1 Julie 2011 gekondoneer word.

6.14 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURE: HUISVESTING VAN VIER (4) SNUFFELHONDE BY "DOGS FOR ALL" (7/1/2/2-3)

Met die vestiging van 'n honde-eenheid by die Munisipale Polisie is daar gereeld klagtes ontvang oor die aanhou van vier snuffelhonde op raadsgronde (by die Verkeerskantore). Goedkeuring is verleen gedurende 2010 om die honde by "Dogs and All" te huisves. Hierdie goedkeuring was slegs geldig vanaf 1 Julie 2010 tot 30 Junie 2011.

Kwotasies is weer vanaf "Dogs and All" aangevra om vir die nuwe finansiële jaar (1 Julie 2011 – 30 Junie 2012) voort te gaan met hierdie diens. 'n Kwotasie ten bedrae van R 73 872.00 is gelewer om die volgende dienste te verskaf:

- huisvesting wat insluit kos, hok, dip en;
- een honde oefening per week.

Aangesien "Dogs and All" die enigste diensverskaffer van hierdie aard binne Swartland is, is hul kwotasie van R 73 872.00 aanvaar.

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee versoek word om die aksie van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedure in hierdie geval toe te laat in terme van klousule 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuurstelselbeleid.

6.14/...

- (a) Dat daar met die enkele kwotasie van Dogs and All ten bedrae van R 73 872,00 (BTW ingesluit) volstaan word vir die huisvestiging van die vier snuffelhonde;
- (b) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word en wel om die volgende redes:
 - (i) dat "Dogs and All" die enigste verskaffer is wat hierdie tipe diens in die Swartland lewer;
- (c) Dat die optrede van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word ten opsigte van die goedkeuring om met die aanstelling van "Dogs and All" voort te gaan;
- (d) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van klousule 36 (2) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om die gemelde redes as nota by die finansiële state in te sluit wanneer dit opgestel word.

6.15 ONTWIKKELING VAN TOEKOMSTIGE BEHUISINGSPROJEKTE (12/2/B)

Die Raad het tydens 'n vergadering gehou op 12 Desember 2007 onder andere besluit dat die behuisingsprojekte in die Swartland Munisipale gebied in die volgende prioriteitsvolgorde afgehandel sal word, naamlik:

- 1) Riebeek- Kasteel
- 2) Kalbaskraal
- 3) Darling
- 4) Chatsworth
- 5) Abbotsdale
- 6) Riebeek-Wes

Die Munisipale Bestuurder rapporteer dat die behuisingsbehoefte van Riebeek–Kasteel (352 huise), Kalbaskraal (83 huise), Darling (540 huise) aangespreek is en dat Chatsworth Behuisingsprojek (368 huise) einde Augustus 2011 voltooi sal word. Voorts sal daar ook mettertyd met Abbotsdale Behuisingsprojek 'n aanvang geneem word.

Die Uitvoerende Burgemeester behandel die verslag en aanhangsels tot die sakelys breedvoerig aan die hand van Professor Van Der Merwe se studie, asook finansiële verslae getrek met betrekking tot die opgradering en bou van huise in Kalbaskraal sedert 2005/06. Raadsheer van Essen verwys na die uitstaande skuld wat sedert 2007 vermeerder het vanaf R459 000 na R1, 059,082.00 tot op hede. In totaal sal die munisipaliteit bykans R10 miljoen moet spandeer in Kalbaskraal alvorens nog huise gebou kan word, naamlik:

- Opgradering van rioolwerke – ±R5 miljoen
- Nuwe waterreservoir – ±R1 miljoen
- Waternetwerk – ±R1 miljoen
- Elektriesenetwerk – ±R1 miljoen
- Rioolnetwerk – ±R1 miljoen
- HOP huise teerste – ±R1 miljoen

Raadsheer van Essen verwys na die aantal inwoners in Kalbaskraal (1759) wat bestaan uit ±450 huishoudings, waarvan 171 deernisgevalle is. Tot op hede is daar 272 huise gebou waarvan die agterstand 351 behoort. Dit is nie moontlik dat die munisipaliteit meer huise moet bou as wat daar mense in die dorp is nie. Tans beskik die munisipaliteit oor geen grond om enige verdere behuisingsprojekte in Kalbaskraal aan te pak nie. Raadsheer van Essen versoek dat die waglyste nagesien moet word, ten einde duplisering van name op die verskillende waglyste van dorpe uit te skakel.

Raadsheer van Essen verwys ook na die Spes Bona huise sowel as die Spoorweghuise en noem dat die huise onbewoonbaar is. Daar moet 'n skrywe gerig word aan Hanekom Busdienste en Transnet om hierdie kwessie aan te spreek. Daar is nog steeds huise in die Spoorwegkamp en dit is 'n gesondheidsrisiko vir die mense wat daar woon. Transnet moet hul verpligtinge teenoor hulle werknemers nakom, en dit nie Swartland Munisipaliteit se verantwoordelikheid maak nie.

BESLUIT/...

6.15/...

BESLUIT

- (a) Dat daar met simpatie kennis geneem word van die omstandighede waarin die individue hulle bevind, maar dat daar met inbegrip van die 2004 groeipotensiaalstudie, asook die gebrek aan beskikbare grond in Kalbaskraal, volstaan word met die Uitvoerende Burgemeesterskomiteebesluit van 12 Desember 2007 soos gerugsteun deur die 2007-2011 GOP en wel om die volgende redes:
- (1) die GOP word erken as die enkele inklusiewe beplanningsdokument van die munisipaliteit en die wysiging/hersiening van die prioriteitsvolgorde van behuisingsprojekte nie net 'n presedent jeens ander drukgroepe skep nie, maar ook afwyk van voormelde Uitvoerende Burgemeestersbesluit en GOP.
 - (2) die individue die opsie gebied is om moontlik by Chatsworth deurgangskamp of by Abbotsdale Behuisingsprojek geakkommodeer te word.
- (b) Dat die inhoud van paragraaf (a) hierbo herbevestig word omdat die bepaling van die prioriteitsvolgorde van behoeftes ingevolge artikel 56 van die Strukture Wet die prerogatief van die Uitvoerende Burgemeester is;
- (c) Dat daar kennis geneem word, dat gebaseer op voormelde strategie, daar nie verdere huise in Kalbaskraal gebou gaan word nie en dat daar nie in die meerjarige begroting enigsins voorsiening gemaak is vir die opgradering van die riooluitvalwerke nie, en dat laasgenoemde reeds op 100% kapasiteit is;
- (d) Dat daar kennis geneem word dat die opgradering van die waterpyplyn tussen Malmesbury en Kalbaskraal hoofsaaklik ten doel gehad het om voldoende watervoorsiening vir die Chatsworth Behuisingsprojek te verskaf en nie verdere behuisingsprojekte te Kalbaskraal nie;
- (e) Dat ook kennis geneem word dat die teer van strate in Kalbaskraal, sowel as in die ander areas van die munisipale gebied 'n poging is om infrastruktuur agterstande uit te wis, binne die finansiële vermoë van Swartland Munisipaliteit;
- (f) Dat die tydskedule vir die bou van huise sowel as die prioriteitsorde van die dorpe soos voorheen bepaal is nog steeds onderhewig is aan die beskikbaarstelling van nasionale en provinsiale fondse, verder moet dit ook bekostigbaar wees ingevolge Swartland Munisipaliteit se finansiële volhoubaarheidsplan en moet dit in ag geneem word in die 3de generasie GOP wat opgestel staan te word;
- (g) Dat die eienaars van die Spes Bona sowel as Spoorweghuise versoek word om aan hulle persele die nodige infrastruktuur te verskaf omdat dit bewoon word;
- (h) Dat die Boubeheerbeampte versoek word om te bepaal of die strukture te Spes Bona ingevolge wetgewing veilig is om te bewoon;
- (i) Dat die komitee van die beswaardes, SAPS sowel as die provinsiale departemente van Menslike Nedersettings en Plaaslike Regering in kennis gestel word van die besluit.

6.16 AFWYKING: ERF 2053, MALMESBURY (15/4/2/8)

'n Versoek is ontvang Mnr J Liedeman, erf 2053, geleë op die hoek van Mangolialaan en Omegastraat, Malmesbury ten einde goedkeuring te verkry om die bestaande ongemagtigde bouwerke en gepaardgaande afwykings van straatboulyne te wettig. 'n Stoep- en ontspanningsarea sowel as 'n leefkamer word voorgestel.

Die bestaande ongemagtigde bouwerk oorskry beide die straatboulyne. Die straatboulyn aan die noordelike grens (Magnolialaan) word oorskry tot 4m en die straatboulyn aan die westelike grens (Omegastraat) word oorskry tot 0m.

BESLUIT

Dat die/...

6.16/...

Dat die item terugverwys word omrede die oorhoofse elektriese lyn direk bokant die dak is, en die bouwerk dus om veiligheidsredes nie goedgekeur kan word nie. Die bouwerk moet dus afgebreek word, of as alternatief kan die aansoeker aansoek doen om die elektriese lyn, sowel as die aangrensende waterpylyn te verskuif.

6.17 AFWYKING: ERF 4035, MALMESBURY (15/4/2-8)

'n Bouplanaansoek is ontvang van die eienaar J September op erf 4035, geleë te Gousblomstraat, Malmesbury. Die vergroting van die bestaande woonhuis word voorgestel wat insluit die vergroting van 'n slaapkamer en 'n onderdak stoep.

Die vergroting van die slaapkamer en die onderdak stoep oorskry die 5m staatsboulyn na $\pm 4m$ asook die 2,5m syboulyn na 0m.

Gevolgtik word aansoek gedoen om afwykings op erf 4035, Malmesbury ten einde af te wyk van die 5m straatboulyn na $\pm 4m$ asook die 2,5m syboulyn na 0m ten einde 'n bestaande slaapkamer te vergroot asook 'n onderdak stoep op te rig.

BESLUIT

Dat die aansoek om afwykings op erf 4035, Malmesbury ten einde af te wyk van die 5m straatboulyn na $\pm 4m$ asook die 2,5m syboulyn na 0m om sodoende die bestaande slaapkamer te vergroot asook 'n onderdak stoep op te rig in terme van artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaarde, naamlik dat die dakwater van die aanbouings akkommodeer word op erf 4035.

6.18 VOORGESTELDE SLUITING, HERSONERING EN VERVREEMDING VAN 'N GEDEELTE STRAAT GRESEND AAN ERF 206, ABBOTSDALE (15/3/7-1)

'n Aansoek is ontvang van mnr J R W Petersen van erf 206, Abbotsdale om die gedeelte padreserwe (groot $\pm 648m^2$) aangrensend tot sy eiendom van die raad te koop met die doel om dit met sy erf te konsolideer en so die belyning van die straat reg te stel, asook om 'n sinvolle vorm aan erf 206 te gee.

Die proses rakende die sluiting van die gedeelte straat is nou afgehandel en word daar dus nou aansoek gedoen vir die hersonering van die gedeelte straat (groot $\pm 648m^2$) vanaf vervoersone II (openbare pad) na residensiële sone I om so in te pas by die bestaande sonering van erf 206, Abbotsdale.

BESLUIT

Dat die hersonering van 'n gedeelte straat (groot $\pm 648m^2$) aangrensend tot erf 206, Abbotsdale ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaarde, naamlik dat die betrokke gedeeltes straat met erf 206 konsolideer word.

6.19 VOORGESTELDE HERSONEING EN ONDERVERDELING VAN ERWE 1985 EN 1986, RIBEEK KASTEEL (15/3/3-11, 15/3/6-11)

'n Aansoek is ontvang van ALKARA 166 CC vir die hersonering van gedeeltes van erf 1985 en erf 1986, geleë te Kloofstraat, Riebeek Kasteel vanaf residensiële sone V en residensiële sone III, onderskeidelik na residensiële sone V (groot $\pm 3377m^2$) en residensiële sone III (groot $\pm 1992m^2$). Erf 1985 en 1986 word aangebied vir konsolidasie.

Aansoek word ook gedoen vir die onderverdeling van erf 1985 en erf 1986, Riebeek Kasteel in gedeelte A ($\pm 3377m^2$ - residensiële sone V), gedeelte B ($\pm 613m^2$ - residensiële sone III), gedeelte C ($\pm 633m^2$ - residensiële sone III) en gedeelte D ($\pm 746m^2$ - residensiële sone III).

BESLUIT

A Dat die aansoek om hersonering van gedeeltes van erf 1985 en erf 1986, geleë te Kloofstraat, Riebeek Kasteel ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf residensiële sone V en residensiële sone III onderskeidelik na residensiële

6.19(A)/...

sone V (groot $\pm 3377\text{m}^2$) en residensiële sone III (groot $\pm 1992\text{m}^2$), goedgekeur word

B Dat die aansoek om onderverdeling van erf 1985 en erf 1986, Riebeek Kasteel ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 in gedeelte A ($\pm 3377\text{m}^2$ - residensiële sone V), gedeelte B ($\pm 613\text{m}^2$ - residensiële sone III), gedeelte C ($\pm 633\text{m}^2$ - residensiële sone III) en gedeelte D ($\pm 746\text{m}^2$ - residensiële sone III) goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

B1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) dat bouplanne voorgelê word vir oorweging aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste alvorens met bouwerke 'n aanvang geneem word;
- (b) dat 'n reg-van-weg serwituit geregistreer word op gedeeltes A, B en C ten gunste van gedeelte D;

B2 WATER

- (a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n aparte wateraansluiting en meter voorsien word. Hierdie voorwaarde is van toepassing op bouplanstadium;

B3 RIOOL

- (a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n rioolaansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is op onderverdelingstadium van toepassing;

B4 VULLISVERWYDERING

- (a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke beboude perseel gehef word;
- (b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie geplaas word op oggend van verwydering;

B5 ESKOM

- (a) dat indien die voorgestelde ontwikkeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
- (b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;
- (c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die perseel;

B6 KAPITALE BYDRAES

- (a) dat die eienaar/ontwikkelaar kennis neem van die kapitaal bydrae vir die grootmaat voorsiening van water wat bepaal is deur die Weskus Distrikmunisipaliteit teen R 7 716,66 per kiloliter jaarlikse gemiddelde daaglikse aanvraag (R 7 716,66) vir elke nuutgeskepte eenheid ('n totaal van 2 eenhede). Hierdie kapitaal bydrae (totaal van R 15 433,32) is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit op uitklaring stadium. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar van 2011/2012 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer 50-80-75-72-7710;
- (b) dat die vaste koste kapitaalbydrae t.o.v grootmaatwaterdienste ten bedrae van R 7 277,00 per nuutgeskepte eenheid ('n totaal van R 14 554,00,00) gemaak word aan hierdie munisipaliteit op uitklaring stadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2011/2012 en kan hierna hersien word;
- (c) dat die vaste koste kapitaalbydrae t.o.v grootmaatriooldienste ten bedrae van R 3 600,00 per nuutgeskepte eenheid ('n totaal van R 7 200,00) gemaak word aan hierdie munisipaliteit op uitklaring stadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2011/2012 en kan hierna hersien word;

6.19/...

- (d) dat die vaste koste kapitaalbydrae t.o.v strate en stormwater ten bedrae van R 5 363,00 per nuutgeskepte eenheid ('n totaal van R 10 726,00) gemaak word aan hierdie munisipaliteit op bouplan stadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2011/2012 en kan hierna hersien word;

B7 ALGEMEEN

- (a) dat indien dit nodig sou wees om bestaande dienste op te gradeer ten einde die ontwikkeling van diensaansluitings te kan voorsien dit vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar sal wees;
- (b) dat enige bestaande dienste wat die restant en die onderverdeelde gedeelte aan mekaar koppel, verskuif en/of ontkoppel word sodat elke erf se pypwerk op die betrokke erf geleë is;
- (c) dat die wetlike sertifikaat wat enige van die onderverdeelde gedeeltes magtig nie uitgereik sal word alvorens daar aan bogenoemde voorwaardes voldoen is nie

6.20 AFWYKING: ERF 5298, MOORREESBURG (15/4/2-9)

'n Bouplan aansoek is ontvang van mnr A A Lambrechts van erf 5298, Moorreesburg. 'n Motorafdak en grensmuur word voorgestel. Die grensmuur is reeds ongemagtig opgerig.

Die voorgestelde motorafdak oorskry die 5m straat- en 3m syboullyn tot op 0m onderskeidelik.

BESLUIT

Dat die aansoek om afwyking op erf 5298, Moorreesburg ten einde af te wyk van die 5m straat- en 3m syboulyne tot op 0m onderskeidelik in terme van artikel 15(1)(b) van Ordonansie 15 van 1985, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- (a) dat die dakwater van die motorafdak op erf 5298 geakkommodeer word;
- (b) dat geen hekke toegelaat word wat op die sypaadjie oopmaak nie.

6.21 VOORGESTELDE HERSONERING EN ONDERVERDELING VAN ERWE 3952, 2474, 2384, 2390, 2420 EN 2426, MOORREESBURG (15/3/6-9)

Hierdie aansoek het reeds voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gediën vir besluitneming, maar is terugverwys sodat 'n terplaatsse terreininspeksie uitgevoer kon word. 'n Terplaatsse terreininspeksie is uitgevoer op 20 Junie 2011. Gevolglik word hierdie aansoek weer voorgelê aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir besluitneming.

'n Aansoek is ontvang namens die geregistreerde eienaar B & S Trust vir die hersonering van die volgende erwe:

- erf 2390 (groot ±1,18ha), erf 2384 (groot ±1,18ha), erf 2426 (groot ±2,37ha) vanaf landbou residensiële sone na privaat oopruimte;
- 'n gedeelte van erf 2420 (groot ±2,04ha) vanaf landbou residensiële sone na privaat oopruimte;
- 'n gedeelte van erf 3952 (groot ±0,37ha) vanaf landbou residensiële sone na privaat oopruimte (±0,17ha) en privaat pad (±0,2ha);
- 'n gedeelte van erf 2474 (groot ±1,4ha) vanaf landbou residensiële sone na privaat oopruimte (±1,29ha) en privaat pad (±0,18ha), geleë te Constantia-, Groeneweiden- en Alphastraat, Moorreesburg ten einde 'n "Eco-Lifestyle Estate" op te rig.

Aansoek word ook gedoen om onderverdeling van die volgende erwe:

Erf 2420/...

6.21/...

Erf 2420 (groot 2,37ha) in 'n restant ($\pm 1,93$ ha) en 2 gedeeltes ($\pm 2054\text{m}^2$ en $\pm 2289\text{m}^2$);
Erf 2474 (groot 2,37ha) in 'n restant ($\pm 1,22$ ha) en 8 gedeeltes wat wissel tussen $\pm 13\text{m}^2$ tot 2071m^2 ; en Erf 3952 (groot 2,37ha) in 15 gedeeltes van wat wissel tussen $\pm 50\text{m}^2$ tot $\pm 2022\text{m}^2$.

BESLUIT

Dat die item terugverwys word aangesien daar aksies rondom die sluiting en vervreemding van strate nog afgehandel moet word.

6.22 VOORGESTELDE AFWYKING OP ERF 3846, DARLING (15/3/4-3)

'n Aansoek is ontvang van Mnr Kenneth en Me Magereth Adonis vir 'n afwyking op erf 3846 (groot 160m^2) geleë te Sonneblomlaan, Darling ten einde 'n winkel vanuit 'n gedeelte ($\pm 4\text{m}^2$) van die woonhuis te bedryf.

BESLUIT

Dat die aansoek vir 'n afwyking op erf 3846 (groot 160m^2) geleë te Sonneblomlaan, Darling ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15/1985 ten einde 'n winkel vanuit 'n gedeelte ($\pm 4\text{m}^2$) van die woonhuis te bedryf afkeur word vir die volgende rede:

- (a) die Raad het reeds 'n beginsel besluit geneem dat geen huiswinkels in die nuwe Darling laekoste behuisingsprojek, asook toekomstige nuwe behuisingsprojekte toegelaat sal word nie.

6.23 VOORGESTELDE HERSONERING EN AFWYKING VAN ERF 2076, DARLING (15/3/3-3, 15/3/4-3)

'n Aansoek is ontvang van Pieter en Nadia Niklaus vir die hersonering van erf 2076 (groot $\pm 3308\text{m}^2$), geleë te Hoofstraat, Darling, vanaf sakesone V na sakesone I ten einde die bestaande geboue te omskep in winkels.

Aansoek is ook gedoen om as volg af te wyk:

- die vereiste 64 op-perseel parkeerplekke waarvan slegs 48 op perseel voorsien kan word, asook
- die voertuigtoegang- en uitgangsrwybane word beperk tot hoogstens een elk per perseel per straat wat aan die perseel grens waarvan daar tans 2 bestaande toegange voorsien word vanaf Hoofstraat.

BESLUIT

A Dat die aansoek om hersonering van erf 2076 (groot 3308m^2), geleë te Hoofstraat, Darling, ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf sakesone V na sakesone I, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 BOUBEHEER EN STADSBEPLANNING

- (a) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- (b) dat 48 op-perseel parkeerplekke voorsien word. Hierdie parkeerplekke moet voorsien word met 'n permanente stofvrye oppervlakte hetsy van teer, beton, plaveisel of 'n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit en dat die parkeerplekke duidelik gemerk word;

A2 WATER

- (a) dat daar van die bestaande enkelwateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

- (a) dat daar van die bestaande rioolaansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele rioolaansluiting voorsien sal word nie;

6.23/...

A4 VULLISVERWYDERING

- (a) dat 'n geboude vullisarea geskep word wat van skoon lopende water voorsien is en vuilwater afvoer na die riool;
- (b) dat die vullisarea ontoeganklik is vir ongewenste elemente, mens en dier, maar toeganklik vir n 30ton vullisvragmotor en vullisverwyderingspersoneel;

A5 ELEKTRISITEIT

- (a) dat indien die bestaande elektriese aansluiting opgradeer moet word, die kostes vir die eienaar/ontwikkelaar sal wees;

A6 ALGEMEEN

- (a) dat indien dit nodig sou wees om bestaande dienste op te gradeer ten einde die ontwikkeling van diensaansluitings te kan voorsien dit vir die koste van die aansoeker sal wees;

- B Dat die aansoek vir 'n afwyking op erf 2076, Darling, ten einde as volg af te wyk:
- die vereiste 64 op-perseel parkeerplekke waarvan slegs 48 op perseel voorsien kan word, asook
 - die voertuigtoegang- en uitgangsrwybane word beperk tot hoogstens een elk per perseel per straat wat aan die perseel grens waarvan daar tans 2 bestaande toegange voorsien word vanaf Hoofstraat,
- ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:
- (a) dat die eienaar/ontwikkelaar 'n finansiële bydrae vir die nie-voorsieining van 16 op-perseel parkeerplekke teen 'n bedrag van R66 000,00 maak. Hierdie gelde is op bouplanstadium betaalbaar;
 - (b) dat voertuigtoegang- en uitgangsrwybane tot erf 2076 onveranderd bly.

6.24 VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERF 313, YZERFONTEIN (15/3/3-3)

'n Aansoek is ontvang van die Pieter Pienaar Familietrust vir die hersonering van erf 313 (groot 580m²), geleë te Hoofstraat, Yzerfontein, vanaf residensiële sone I na residensiële sone V ten einde 'n gastehuis met 7 kamers te bedryf.

BESLUIT

Dat die aansoek om hersonering van erf 313 (groot 580m²), geleë te Hoofstraat, Yzerfontein ingevolge artikel 16(1) van Ordonansie 15 van 1985 vanaf residensiële sone I na residensiële sone V, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- (b) dat die gastehuis beperk word tot 7 gastekamers met en-suite badkamers;
- (c) dat ten minste 5 op-perseel parkeerplekke voorsien word met 'n permanente stofvrye oppervlakte, hetsy teer, beton of plaveisel of 'n materiaal wat vooraf deur Swartland Munisipaliteit goedgekeur is en dat die parkeerplekke duidelik gemerk word;
- (d) dat aansoek gedoen word vir die oprigting van advertensietekens;
- (e) dat daar aansoek gedoen word by Swartland Munisipaliteit vir 'n handelslisensie;
- (f) dat daar aansoek gedoen word by die Weskus Distriksmunisipaliteit vir 'n handelslisensie;
- (g) dat 'n vaste kapitaalbydrae ten bedrae van R14 502-00 gemaak word;

6.24/...

(h) dat die beswaarmakers op hul reg tot appèl gewys word;

A2 WATER

(a) dat geen addisionele wateraansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

(a) dat riooldienste slegs deur middel van 'n suigtenkvragsmotor voorsien kan word;

A4 VULLISVERWYDERING

(a) dat 'n basiese vullisverwyderings tarief gehef word wat aangepas sal moet word volgens die hoeveelheid vullis verwyder;

A5 ELEKTRISITEIT

(a) dat die elektrisiteitstarief van ander na die soos van toepassing op besighede.

6.25 AFWYKING: ERF 1506, YZERFONTEIN (15/3/4-14)

Hierdie aansoek het reeds voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gedien vir besluitneming, maar is terugverwys sodat 'n terplaatsse terreininspeksie uitgevoer kon word. 'n Terplaatsse terreininspeksie het plaasgevind op 30 Junie 2011.

'n Aansoek is ontvang van Rowmoor Investment 951 (Pty) Ltd vir 'n tydelike afwyking op 'n gedeelte ($\pm 45\text{m}^2$) van erf 1506, geleë op die hoek van Bakoondstraat en Dasseneilandrylaan, Yzerfontein ten einde 'n bakkerij/koffiewinkel te bedryf.

BESLUIT

Dat die aansoek om afwyking op 'n gedeelte ($\pm 45\text{m}^2$) van erf 1506, geleë op die hoek van Bakoondstraat en Dasseneilandrylaan, Yzerfontein ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 ten einde 'n bakkerij/koffiewinkel te bedryf goedgekeur word.

**(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER**